Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

* Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 *Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: 011 769 1670*
Fax: 011 762 3493* www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za*

3 April 2019

Geagte Ouers,

OMSENDBRIEF NR. 6 VAN 2019

I.S. VAKANSIE, BEHEERLIGGAAM, SPORT EN PERSONALIA

Welkom terug aan alle Havies. Ons vertrou almal het die vakansie geniet en lekker gerus. 'n Spesiale welkom aan me Jacobs (Adjunkhoof) en me Van Zyl (kantoor) wat na hul operasies weer by ons aansluit. Mag julle spoedig ten volle herstel.

Weereens baie geluk aan me R. J van Nieuwenhuizen (ouer) en mnr A Louw (personeel) wat verlede kwartaal verkies is tot die Beheerliggaam.

Baie dankie aan ons rugbyspelers en afrigters wat tydens die vakansie na Laerskool Bekker getoer het. Ons vertrou julle het baie geleer wat julle tydens die seisoen kan toepas.

Ouers neem asseblief kennis dat hierdie volgende paar weke baie besig gaan wees wat ons sport betref. Ons sal dit waardeer as u u kind tydens die wedstryde ondersteun. Voorspoed en sterkte word almal toegewens.

Hier volg die verskeie rugby en netbal wedstryddatums:

*	**Netbal:**	3 April 2019	L/S Dr. Havinga *vs* L/S Roodebeeck (C-spanne) (Tuis)
		4 April 2019	Ligawedstryd – L/S Dr. Havinga *vs* L/S Unika (Weg)
		6 April 2019	Sportdag – Bryanston Parallemedium (Weg)
*	**Rugby:**	6 April 2019	Sportdag – Bryanston Parallemedium (Weg)
		9 April 2019	Ligawedstyd – L/S Dr. Havinga *vs* L/S RAM (Tuis)

* **Welpie-Rugby:** 10 April 2019 Wedstryde by L/S Helderkruin (Weg)

* **Mini-Netbal:** 10 April 2019 Wedstryde by L/S Helderkruin (Weg)

Ons sal u op hoogte hou van verdere wedstryde wat gedurende die tweede kwartaal gaan plaasvind.

Dit is met groot hartseer dat ons u moet meedeel dat me Bootha (Gr. 2) wat binnekort met kraamverlof moes gaan, Maandag 1 April met komplikasies in die hospitaal opgeneem is. Gister is die baba ongelukkig oorlede. Ons innige simpatie gaan aan me Bootha en haar familie. Mag God hulle vertroos en versterk in hierdie moeilike tyd.

'n Besige kwartaal lê vir ons as Havies voor. Mag God ons seën in alles wat ons gaan doen.

Haviegroete,

L C VISSER
HOOF

Die skool op almal se lippe!

Waardegedrewe, Innoverend, Toekomsgerig.